

**COVID-19- landswye inperking 26 Maart tot 16 April 2020**  
**'n Opsomming van die belangrikste maatreëls wat bekendgemaak is**

**24 Maart 2020**

## Inhoud

1. Inleiding .....	3
2. Wat die landswye afsondering behels .....	3
3. Verdere praktiese stappe wat geneem word .....	5
4. Bykomende maatreëls om voorkoming te versterk.....	5
5. Ekonomiese ingrypings .....	5
5.1. Ondersteuning aan kwesbare mense.....	6
5.2. Ondersteuning aan mense wie se lewensbestaan beïnvloed word .....	7
5.3. Ondersteuning aan sakeondernemings in nood.....	7
6. 'n Waarskuwing.....	8
7. Finansiële sektor.....	8
8. Slotopmerkings .....	9
9. Gevolgtrekkings en aanbevelings.....	9

## 1. Inleiding

Die Nasionale Koronavirusbevelsraad het besluit om landswye inperking vir 21 dae af te dwing vanaf middernag op Donderdag 26 Maart tot middernag van Donderdag 16 April. Hierdie besliste stap sal volgens die regering miljoene Suid-Afrikaners van infeksie red en sal die lewens van honderdduisende mense red.

Die doel van hierdie verslag is om 'n kortlikse opsomming te gee van die maatreëls wat pres. Cyril Ramaphosa op 23 Maart 2020 bekendgemaak het.

## 2. Wat die landswye inperking behels

Die landswye inperking word uitgevoer kragtens die Wet op Rampbestuur 57 van 2002 en behels die volgende:

- 2.1 Almal sal tuis moet bly vanaf middernag Donderdag 26 Maart tot middernag Donderdag 16 April.
- 2.2 Mense wat van dié afsondering vrygestel word, is:
  - 2.2.1 gesondheidswerkers in die openbare en privaat sektore;
  - 2.2.2 noodpersoneel;
  - 2.2.3 mense in sekuriteitsdienste, soos
    - a. lede van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD);
    - b. die verkeerspolisie;
    - c. militêre mediese personeel;
    - d. lede van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW); en
    - e. ander mense wat nodig is vir Suid-Afrika se reaksie teen die pandemie;
  - 2.2.4 mense wat betrokke is by
    - a. die produksie, verspreiding en verskaffing van voedsel en basiese goedere;
    - b. noodsaaklike bankdienste;
    - c. die instandhouding van elektrisiteit- en watervoorsiening, asook telekommunikasiedienste;
    - d. laboratoriumdienste; en
    - e. die voorsiening van mediese en higiëneprodukte.

(’n Volledige lys van noodsaaklike personeel sal gepubliseer word.)

- 2.3 Mense sal nie toegelaat word om hul huise te verlaat nie, behalwe onder streng beheerde omstandighede soos:
  - 2.3.1 om mediese behandeling te ontvang;
  - 2.3.2 kos, medisyne en ander benodighede te koop; of
  - 2.3.3 om ’n sosiale toelaag af te haal.
- 2.4 Tydelike huisvesting wat aan die nodige higiënestandaarde voldoen, sal vir hawelose mense geïdentifiseer word. Persele vir kwarantyn en selfisolasië word ook geïdentifiseer vir mense wat nie tuis kan selfsoleer nie.
- 2.5 Alle winkels en sakeondernemings sal gesluit wees, behalwe:
  - 2.5.1 apteke;
  - 2.5.2 laboratoriums;
  - 2.5.3 banke;
  - 2.5.4 noodsaaklike finansiële en betaaldienste, wat die JSE insluit;
  - 2.5.5 supermarkte;
  - 2.5.6 vulstasies; en
  - 2.5.7 gesondheidsorgverskaffers.
- 2.6 Sakeondernemings wat noodsaaklik is vir die produksie en vervoer van die goedere soos hieronder gelys sal in bedryf bly:
  - 2.6.1 kos;
  - 2.6.2 basiese goedere; en
  - 2.6.3 mediese benodighede.

(’n Volledige lys van die besigheidskategorieë wat oop kan bly sal gepubliseer word.)
- 2.7 Sakeondernemings met bedryfsvereistes wat deurlopende prosesse insluit, moet reëlings tref vir sorg en instandhouding om skade tot voortgesette bedryf te voorkom, en sluit onder meer in:
  - 2.7.1 smelters; en
  - 2.7.2 ondergrondse mynbedrywighede.
- 2.8 Sakeondernemings wat hul bedryf in afsondering kan voorsit, moet dit doen.

- 2.9 Voorsiening sal gemaak word vir noodsaaklike vervoerdienste om voort te gaan, insluitend die vervoer van noodsaaklike personeel en vir pasiënte wat elders bestuur moet word.

Landsweye afsondering is nodig om die ketting van oordrag oor die samelewing fundamenteel te ontwig.

### 3. Verdere praktiese stappe wat gedoen word

- 3.1 Die SANW word ontplooi om die SAPD te ondersteun om te verseker dat die stappe in werking gestel word wat aangekondig is.
- 3.2 Hierdie landsweye inperking sal ook gepaardgaan met 'n **openbare gesondheidsbestuursprogram** wat die hoeveelheid sifting, toetsing en kontaknasporing sal verhoog en mediese bestuur beduidend sal verbeter.
- 3.3 **Gemeenskapsgesondheidsplanne** sal fokus op die uitbreiding van sifting en toetsing waar mense bly. Daar sal eerste op hoëdigtheid- en hoërisikogebiede gefokus word.
- 3.4 Om te **voorkom dat hospitale oorweldig word**, sal 'n stelsel in werking gestel word wat vir “gesentraliseerde pasiëntbestuur” vir ernstige gevalle en “gedesentraliseerde primêre sorg” vir ligte gevalle voorsiening maak.
- 3.5 **Noodwatervoorraad** word aan informele nedersettings en landelike gebiede voorsien deur middel van watertenks, watertenkwaens, boorgate en gemeenskaplike waterpunte.

### 4. Bykomende maatreëls om voorkoming te verhoog

Bykomende maatreëls word met onmiddellike effek in werking gestel om die bestaande voorkomende maatreëls te versterk: Hierdie maatreëls is onder meer:

- Suid-Afrikaanse burgers en mense met verblyfreg wat vanuit hoë risiko lande kom, sal outomaties vir 14 dae lank in kwarantyn geplaas word.
- Nie-Suid-Afrikaanse burgers wat op vlugte vanuit hoë risiko lande (waarop daar sedert 17 Maart 2020 'n verbod geplaas is) aankom, sal teruggestuur word.
- Internasionale vlugte na die Lanseria-lughawe sal tydelik opgeskort word.
- Internasionale reisigers wat ná 9 Maart 2020 vanuit hoërisikolande in Suid-Afrika aangekom het, sal tot hul hotelle beperk word totdat 'n 14 dag lange kwarantynperiode verstryk het.

### 5. Ekonomiese ingrypings

Ingrypings is aangekondig wat ten doel het om die uitwerking van die ekonomiese uitdagings – wat deur die landsweye inperking veroorsaak gaan word – op die samelewing te versag.

Slegs 'n eerste fase van ekonomiese reaksie is aangekondig; verdere maatreëls word oorweeg en sal inwerking gestel word soos benodig mag word.

### 5.1. Ondersteuning aan kwesbare mense

'n **Solidariteitsfonds** ([www.solidarityfund.co.za](http://www.solidarityfund.co.za)) is ná oorlegpleging met sosiale vennote daargestel. Suid-Afrikaanse sakeondernemings, organisasies en persone, asook lede van die internasionale gemeenskap kan tot hierdie fonds bydrae.

- Die fonds sal aangewend word om die verspreiding van die virus te bekamp, om te help met die nasporing van die verspreiding en die versorging van die wat siek is en om mense te ondersteun wie se lewens ontwig word.
- Die fonds sal pogings in die openbare sektor aanvul.
- Die voorsitter van die fonds is me. Gloria Serobe en die ondervoorsitter mnr. Adrian Enthoven.
- Die regering voorsien R150 miljoen as aanvangskapitaal, terwyl die privaat sektor reeds onderneem het om die fonds met skenkings te ondersteun.

Die Rupert- en Oppenheimer-families het onderneem om elk R1 miljard beskikbaar te stel om klein sakeondernemings en hul werknemers te ondersteun wat deur die koronapandemie geraak word.

Die regering is besorg oor 'n aantal sakeondernemings wat sekere goedere teen oormatige hoë pryse verkoop, en sal dit nie duld nie. Regulasies is daarom afgekondig wat onregmatige prysverhogings verbied. Volgens die regering sal dit verseker dat winkels voldoende voorraadvlakke van basiese goedere kan handhaaf en mense verhoed om paniekaankope te doen.

Die regering het gesprek gevoer met vervaardigers en verspreiders van basiese benodigdhede wat aangedui het dat hierdie goedere deurlopend beskikbaar sal wees. Dit is dus – volgens die regering – nie nodig om enige middele op te gaan.

'n Veiligheidsnet word ontwikkel om mense in die informele sektor te ondersteun omdat die meerderheid van die sakeondernemings as gevolg van die afsondering gaan skade ly. (Verdere inligting hieroor sal later bekend gemaak word.)

Om opeenhopings by betaalpunte te verlig, sal ouderdomspensioen en ongeschiktheidstoelae vanaf 30 en 31 Maart 2020 beskikbaar gemaak word, terwyl ander toelae vanaf 1 April 2020 beskikbaar sal wees.

- Alle toegangskanale soos OTM's, verkooppunttoestelle, poskantore en kontantbetaalpunte sal oop bly.

## 5.2. Ondersteuning aan mense wie se lewensbestaan beïnvloed word

- Raadpleging vind tans plaas oor 'n voorstel vir 'n spesiale bedeling vir ondernemings wat in nood verkeer weens COVID-19. Dié voorstel behels dat werknemers betaal sal word deur middel van 'n **tydelike werknemerverligtingskema** wat ondernemings in staat sal stel om werknemers te betaal en afleggings te vermy.
- Werknemer wat weens blootstelling by hul werkplek siek word, sal deur middel van die **Vergoedingsfonds** betaal word.
- Handelsbanke is van die bepalings van die Wet op Mededinging 98 van 1998 vrygestel om hulle in staat te stel om gemeenskaplike benaderings tot **skuldverligting** te ontwikkel, asook ander maatreëls wat nodig mag wees.
- Die regering het met al die groot banke vergader en vermag dat die meeste banke **binne die volgende paar dae maatreëls in werking sal stel**.
- Verskeie **groot maatskappye** wat tans gesluit is het hul verantwoordelikheid aanvaar om werkers te betaal wat geraak word. Die regering het in besonder 'n beroep op groter sakeondernemings gedoen om na hul werkers om te sien.
- Indien nodig, sal die reserwefondse van die **Werkloosheidversekeringsfondsstelsel** aangewend word om ondersteuning te verleen aan werkers in klein en medium sakeondernemings en ander kwesbare sakeondernemings wat deur 'n verlies aan inkomste in die gesig gestaar word, asook sakeondernemings wat nie ondersteuning kan bied nie. (Besonderhede hieroor sal binne die volgende paar dae bekendgemaak word.)

## 5.3. Ondersteuning aan sakeondernemings in nood

- Die belastingstelsel sal aangewend word om 'n belastingsubsidie van tot R500 per maand vir die volgende vier maande onder die Indiensnemingbelastingaansporing te voorsien aan privaatsektorwerknemers wat minder as R6 500 verdien. Dié stap sal 4 miljoen werkers help.
- Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) sal werk om die frekwensie van betaling van terugbestalings weens indiensnemingbelastingaansporing te verhoog van twee maal per jaar tot maandeliks om kontant so vinnig moontlik in die hande van werkgewers te plaas.
- Sakeondernemings met 'n omset van minder as R50 miljoen sal toegelaat word om:
  - 20% van hul LBS-laste oor die volgende vier maande te vertraag; en
  - 'n gedeelte van hul inkomstebelastingbetalings sonder boetes of rente oor die volgende ses maande te vertraag.

Na verwagting sal dié ingryping meer as 75 000 klein en medium sakeondernemings ondersteun.

- 'n Tydelike vermindering van werkgewer- en werknemerbydraes tot die Werkloosheidversekeringsfonds en werkgewerbydraes tot die Vaardigheidontwikkelingsfonds word ondersoek.

- Die Departement van Kleinsake-ontwikkeling het meer as R500 miljoen onmiddellik beskikbaar gestel om klein en medium sakeondernemings te ondersteun wat in nood is. 'n Vereenvoudigde aansoekproses is ook in werking gestel.
- Die Nywerheidsontwikkelingskoöperasie (IDC) het in samewerking met die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging 'n pakket van R3 miljard saamgestel vir nywerheidsbefondsing om die omstandighede van kwesbare sakeondernemings aan te spreek en om die finansiëring te versnel van sakeondernemings wat noodsaaklik is vir pogings om COVID-19 en die ekonomiese impak daarvan te beveg.
- Die Departement van Toerisme het 'n bykomende R200 miljoen beskikbaar gestel om klein en medium sakeondernemings in die toerisme-en-gasvryheidsbedryf te ondersteun wat spesifiek in nood verkeer weens die nuwe reisbeperkings.

## **6. 'n Waarskuwing**

Die President het onderneem om baie streng op te tree teen enige poging om korrupsie te pleeg of om deur dié krisis verryk te word.

Die President het opdrag gegee dat spesiale eenhede van die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) saamgestel word om onmiddellik op te tree en inhegtenisnemings uit te voer waar bewyse van korrupsie gevind word.

Die regering het onderneem om met die regbank saam te werk om sake teen geïmpliseerde persone te bespoedig en om te verseker dat skuldiges tronk toe gaan.

## **7. Finansiële sektor**

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het verlede week die repokoers met 100 basispunte verlaag, wat verligting bring vir verbruikers en sakeondernemings.

Die SARB het verder proaktief bykomende likiditeit aan die finansiële stelsel verskaf.

Die Goewerneur van die SARB het aan die President die versekering gegee dat die SARB gereed is om te doen “wat ook al gedoen moet word” om te verseker dat die finansiële sektor goed funksioneer tydens die pandemie.

Die bankstelsel sal oop bly, die JSE sal bly funksioneer, die nasionale betaalstelsel sal in bedryf bly en die SARB en handelsbanke sal verseker dat banknote en munte in omloop bly.



## **8. Slotopmerkings**

Die President het aangedui dat die stappe wat nou geneem word blywende ekonomiese koste sal hê. Hy het verder gesê dat die regering egter daarvan oortuig is dat die koste van geen optrede op hierdie oomblik veel meer sal wees.

Die President het onderneem om die lewens en lewensbestaan van ons mense bo alles te prioritiseer en dat alle maatreëls binne hul mag gebruik sal word om hulle van die ekonomiese gevolge van die pandemie te beskerm.

## **9. Gevolgtrekkings en aanbevelings**

- Die maatreëls wat aangekondig is, gaan ingrypende en verreikende ekonomiese gevolge hê.
- Die voorgestelde maatreëls lê 'n enorme finansiële las op die Suid-Afrikaanse staat, sonder dat daar 'n plan is vir herstel.
- In baie gevalle ontbreek die nodige besonderhede om werklik die volle impak van 'n maatreël te kan verreken.
- Maatreëls steun baie sterk op sentrale ingryping deur die staat, meer betrokkenheid van die burgerlike samelewing en sakesektor is wenslik.
- Ingrypings soos prysvastelling wek kommer omdat dit nie met markwerklikhede soos vraag en aanbod tred hou nie.
- Die klem van die ekonomiese ingrypings val op klein en medium sakeondernemings en werknemers in die laer inkomstegroepe.
- Die inwerkingstelling van die voorgestelde ingrypings sal streng deur burgerlike instellings gemoniteer moet word om goeie en regverdige inwerkingstelling te verseker.